N.G. GEMEENTE
Oudtshoorn-Welgeluk

Om met liefde te bou aan God se Koninkryk

18 Oktober 2020 om 09:00

Ds. Andries Potgieter



1 Tess 1:1-10

Woorde wek, maar voorbeelde trek

Baie geluk aan ons 70 - plusser wat die week verjaar!

Dalena Alberts	23 Oktober

Voorbidding

Ons dink in ons gebede aan die volgende persone vir hul gesondheid.

- Joey Strydom van Buitekantstraat 57
- Johanna Kriel van Rademeyerstraat 43A
- Setta Wepener van Jan van Riebeeckweg 26
- Carolien du Toit van Jakarandalaan 10
- Rudolf Bothma van Baronstraat 4
- Dirk Erasmus van Jan van Riebeeckweg 125
- Ina du Plessis van Parkweg 54
- Gerda Barnard van Keyterstraat 55
- Driena Pieterse en familie van Johnson-singel no 8 wat ‘n suster aan die dood afgestaan het
- Salie Oosthuizen en familie van Bothastraat 50 wat ‘n vader aan die dood afgestaan het.

Ons bid ook vir die volgende:

- Uitkoms vir reën in ons Klein-Karoostreek.
- Dankbaarheid vir die reën wat die afgelope tyd in ons streek geval het.
- Sinnelose geweld en plaasmoorde.
- Die maatskaplike en politieke uitdagings wat ons land in die gesig staar.
- Die moeilike omstandighede van mede-gelowiges in Zimbabwe en Bosnië.
- Corona pandemie en almal wat daardeur geraak word.
- Almal wat betrokke is by ons gesondheidsektor.

- **Ons matrieks**: Robert en Ruben Barnard, Lynette Barnardo, Dalene Brink, MC Davel, Franco Gerber, Inge Groenewald, Marelize Grundlingh, Charl Marais, Berto Nel, Karli Penderis, Lin-Mari Raal, Mieke Schoeman, Yvette Schreck, Lynic Schreuder, Leras van Zyl en Natanya Visser.

Program vir die week

Sondag: 18 Oktober 2020

Protokol vir erediensbywoning is as volg:

- U word vriendelik versoek om te alle tye u masker te dra; u hande by die hoofingang te saniteer asook die bywoningsregister in te vul; families mag bymekaar sit; mense met onderliggende gesondheidstoestande asook persone bo 60 moet bewus wees dat hul in die hoë risiko kategorie val.



- Bets Wilkinson en Arno Kroukamp word vanoggend as kerkraadlede bevestig.

- George en Eunice Bence se seuntjie, Waldo George, word vanoggend gedoop. Baie geluk aan hulle en welkom aan hul familie en vriende wat hierdie grootse geleentheid met hulle deel.

- Geen tee na die erediens sal bedien word nie aangesien sosiale afstand steeds geld. Asook geen kategese nie.

- Offergawes sal by die deure opgeneem word.
- Neem asb kennis dat daar vir 'n ruk nie video-opnames van die erediens gemaak word nie.
- Ons het 'n nuwe facebookblad gaan besoek dit gerus : http://www.facebook.com/ngwelgeluk/

Woensdag: 21 Oktober 2020

09:00 Vrouebybelstudie
18:00 Mannebybelstudie

ALGEMEEN

Barmhartigheidsbediening

Ons as gemeente is tans betrokke by verskeie Barmhartigheidswerk:

- Hulp aan ons **boeregemeenskap.**
- **Hulpbehoewende bejaardes** binne en buite ons gemeente.
- **Studente en personeel** van die Môrgenster Sendingstasie in Zimbabwe.

Hulp aan behoeftige bejaardes

Die gemeente is tans betrokke by behoeftige bejaardes. Ons wil hul ook help met kruideniersware. Indien u hierby betrokke wil raak, kan van die volgende items by die kerkkantoor afgegee word:

Blikke 250 g kitskoffie	Rooibostee 80 sakkie pakke
Gewone teesakkie pakke (100)	Weetbix 450g
Blikkies tuna	2 liter Oros koeldrank
400g grondboontjiebotter	400g konfyt/125g Marmite
Pakkies 2-Minute Noodles	Pakkies Mariebeskuitjies
Pakkies "Lemon Creams"	2,5 kg Suiker

Spesiale insameling

As gevolg van die pandemie, sal dit nie vanjaar moontlik wees om 'n basaar te hou nie. Die gevolg is dus 'n finansiële verlies van R250 000.00. Die feit dat daar ook nie optimaal eredienste in die kerkgebou gehou kon word nie, veroorsaak ook 'n offergawe verlies.

In die lig van bogenoemde inligting, wil ons vra dat u ons gebruiklike spesiale insameling in November sal ondersteun in die gees van dankbaarheid en gehoorsaamheid.

Spesiale insamelingskoeverte sal in die gemeente versprei word. Dié koeverte kan in die posbus by die moederskamer geplaas word of u kan 'n direkte EFT met verwysings spesiale insameling maak.

Gemeentelike finansies

Daar word graag van die geleentheid gebruik gemaak om almal te bedank wat te midde van die baie moeilike en onseker tye, steeds hul bydraes elektronies oorbetaal of per koevert gee.

Sou u van elektroniese betaling gebruik wou maak, is die bankbesonderhede van die gemeente as volg:

NG Oudtshoorn– Welgeluk	NG Oudtshoorn – Welgeluk
Nedbank	ABSA
Takkode: 175205	Takkode:632005
Tjek: 1006783962	Tjek: 1120580066

Baie dankie vir julle liefde, vriendelikheid en lojaliteit gedurende hierdie baie moeilike tyd.

Dyna soek asb koerante en tydskrifte vir 'n klasprojek.
Die heerlikste vrugtekoeke is by Doreen Coetzee, Pleinstraat 38 beskikbaar @ R120 p/kg. Kontak haar gerus by 044 2724660.

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178
E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net
Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455
E-pos – bertinemalan@gmail.com
Kerkkantoor: Tel nr. (044) 272 4391
Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00
E-pos: ngwelgeluk@telkomsa.net
Webtuiste: www.ngwelgeluk.co.za
http://www.facebook.com/ngwelgeluk/